

Die Voltooide Deelwoord sonder ge- by Werkwoorde op -eer

deur

PROF. T. H. LE ROUX

'n Saak wat die aandag vra: die voltooide deelwoord sonder
ge- by werkwoorde op -eer: *het regeer*. Dit kom voor,
sowel in skryftaal as spreektaal, by beskaaf-
spreekende Afrikaners. Dit is nie aan in-
vloed van Engels toe te skrywe
nie. Lees hierdie studie en
laat die feite spreek.

439.3658

LER

N. SCHAIK, BEPERK. PRETORIA

Die Voltooide Deelwoord sonder
ge- by Werkwoorde op -eer

deur

PROF. T. H. LE ROUX



J. L. VAN SCHAİK, BEPERK, PRETORIA
1952

(Hierdie artikels het tevore in Die Brandwag verskyn).

— *Gedruk in Pretoria en uitgegee deur -*
J. L. van Schaik, Bpk., Librigebou, Pretoria.

VOLTOOIDE DEELWOORDE

SONDER **GE-** BY WERKWOORDE OP **-EER**

1. Meermale kan gehoor en gelees word dat 'n voltooide deelwoord sonder *ge-* by 'n werkwoord op *-eer*, bv. „het loseer, het regeer,” aan invloed van Engels toe te skrywe en daarom af te keur is. Die afwesigheid van die voorvoegsel *ge-* is ewenwel volstrek nie aan invloed van Engels toe te skrywe nie. Dit wil ek in hierdie bydrae aantoon. Ook wil ek aantoon dat die deelwoord sonder *ge-* by hierdie tipe werkwoord, dikwels die basterwerkwoord genoem, baie gewoon is in die beskaafde Afrikaanse spreektaal en in Afrikaanse geskrifte. Ons behandel eers die vraag: In hoever kom die *ge-lose* vorm van die deelwoord voor in beskaafde Afrikaans?

A.

2. Die beste en vertroubaarste metode om hierdie vraagstuk te ondersoek, is om getrou te luister na die gesproke taal van Afrikaanssprekende Afrikaners. Die gesproke woord tog is onbewuster en besit daardeur meer bewyskrag as die geskrewe woord in 'n geval soos hierdie. Uit die aard van die saak is hierdie metode nie toe te pas deur wie nie oor die nodige tyd en geldmiddele beskik nie. Daar bly dan twee weë oor waarlangs die vraagstuk ondersoek kan word, nl. die volgende: (a) vra 'n aantal waarnemers om die saak by hulleself en hulle omgewing te ondersoek; (b) soek na voltooide deelwoorde sonder *ge-* in Afrikaanse prosageskrifte. Vers word uitgesluit omdat die versmaat meermale 'n *ge-lose* vorm vereis waar hy tog nie tot die lewende taal behoort nie.

3. Hierdie twee metodes het ek gevolg. Ek het aan my tweede- en derdejaarstudente (persone wat 'n kursus in spraakwaarneming gevolg het), 'n goeie 80-tal, die taak opgedra om die verskynsel by hulleself en in hulle omgewing tuis te ondersoek. Verder het ek elkeen versoek om dit na te gaan in

'n bepaalde prosageskrif. Wat die gesproke taal betref, het ek hulle nadruklik gewaarsku om nie sommer op die man af iemand te vra wat hy/sy insake hierdie punt doen nie. Jy kry dan alte maklik te hoor nie wat in die werklikheid by so iemand reël is nie, maar wat hy dink dat hy aan jou moet vertel, feitlik wat hy meen dat jy graag wil verneem. Dit weet elkeen wat ervaring besit van sodanige ondersoek. Verder het ek uit my eie lektuur 'n ruim aantal voorbeelde versamel, asook 'n rondvraaglys uitgestuur om in te vul. Oor beide straks meer. Eers gee ek wat ek van my studente ontvang het as gevolg van waarneming by hulleself en hulle omgewing.

4. Ek het waardevolle mededeling van my studente ontvang, veral ten opsigte van eie taalgebruik. Elkeen van hulle gebruik die *ge*-lose voltooidedeelwoord, maar, soos te verwag, nie in dieselfde mate nie. Van groot belang is dit om reeds by die begin daarop te wys dat dit veral die meer alledaagse werkwoord op -*cer* is waarby die *ge*- in die voltooidedeelwoord by hulle agterweë kan bly, wwe. soos: *blameer*, *kalmcer*, *loseer*, *regeer*, *studeer*, *trotseer*, *tempteer*, *waardcer*. En hierdie feit blyk nie alleen uit die voorbeelde wat hulle aanhaal nie, maar ook daaruit dat verskillende van hulle werklik hierdie gedagte uitspreek. Natuurlik moet die term „alledaagse/gebruiklike werkwoord” nie te eng opgevat word nie: wat vir die een persoon gebruiklik is, kan vir die ander minder gewoon wees, soos met 'n paar voorbeelde duidelik in die lig gestel kan word. Wie *dikteer* veral gebruik in die sin van „gebied, gelas,” vir die is dit 'n kultuurwoord; maar vir die kind vir wie meneer of juffrou dikwels die een en ander dikteer, vir die is dit 'n doodgewone woord. *Trotseer* in die sin van „terg”: die kind kan my tog so *trotseer*, is doodgewoon, maar in die sin van „weerstand bied aan”: wind en weer *trotseer*, is dit 'n kultuurwoord. Al hou ons dit alles in gedagte, is dit ewenwel duidelik dat *regeer* 'n gewone woord is, *filosofeer* daarenteë tot die minder gewone, die kultuurwoorde behoort.

Een student uit Pretoria, tewens amptenaar, deel my mee dat by 'n aansienlike mate van verskil (sy proefpersone is uiteraard uit verskillende dele van die Unie afkomstig en korter of langer tyd in Pretoria woonagtig), hy tog 'n groot mate van oor-

eenkoms waargeneem het ten opsigte van wat as die gebruiklike werkwoord beskou kan word. Feitlik al sy proefpersone sê: het *amuseer*, *blameer*, *kalmee*, *studeer*, *takseer*, *tempteer*, *trotseer*, *waardeer*, maar: het *gefilosofeer*, *gelokaliseer*, *gememoriseer*, *gemobiliseer*, *geobjektiveer*, *gesistematiseer*.

5. Dis 'n punt van die allergrootste belang dat veral die gebruiklike werkwoord sonder die voorvoegsel *ge-* gebruik kan word in die voltooid deelwoord. Waarom? Daarvoor bestaan 'n psigologiese rede en onthou moet word dat die psigologiese faktor 'n groot rol speel by taalverskynsels. By die gebruiklike werkwoord word nie aan die vorm gedink nie: die spreker praat onbewus. Kom hy daarenteë by 'n minder gewone werkwoord, 'n kultuurwoord soos dit genoem word, dan is die kans baie groter dat so iemand, in aansluiting by die gewone reël, die *ge-*voorvoeg. Vra jy aan iemand wat die meervoud van *strand* is, dan kry jy bes moontlik tot antwoord: Het die woord dan 'n meervoud? Verseker jy hom daarop dat die woord 'n meervoud besit en vra jy hom om dit te vorm, dan redeneer hy soos volg: van *band*, *land*, *rand*, woorde wat net so gebou is, is die meervoud onderskeidelik *bande*, *lande*, *rande*: dus moet die meervoud van *strand* lui *strande*. Onder sommige Afrikaners in Wes-Kaapland wat dikwels 'n strand besoek, moontlik in die nabyheid of ter plaatse woon, kan egter gehoor word die mv. *strante*. Hierdie laaste sprekers praat dan onbewus. Al weet van hulle dat daar op die end van die woord geen *t* staan nie maar 'n *d*, dan nóg lewe die woord so in die volksmond, is hy m.a.w. so gebruiklik, dat die *t*-uitspraak selfs in die meervoud oorgetrek word. Dis dan soos by die meervoud *potlote*, *rate*: weliswaar skrywe ons hier ook in die enkelvoud 'n *t*: *potloot*, *raat*, maar histories is dit tog 'n *d*. Net so sal iemand wat by die alledaagse werkwoord op *-eer* die voltooid deelwoord doodgewoon sonder *ge-* vorm, dit nie doen by 'n duidelike kultuurwoord nie, soos bv. *fulmineer* (in woede opstuif) of *fundeer* (vestig). Nee, hier vorm hy die deelwoord min of meer bewus volgens die reël, dus met *ge*: *gefulmineer*, *gefundeer*.

6. Drie studente wat goeie werk gedoen het, maak die volgende opmerking, blykbaar onafhanklik van mekaar. Die eerste vertel dat hy sou sê: ek het hom aan die hof *rapporteer*,

maar: hy is aan die hof *gerapporteer*; die tweede dat sy vorm is: dit het hom *irriteer*, maar: hulle is *geïrriteer* deur sy gedrag; die derde dat sy gebruik is: hoe het die medisyne hom *affekteer*? teenoor: die teringlyer is sterk *geaffekteer* deur die klimaat.

Dit is goed waargeneem. In die tweede sin van elkeen van die drie word die werkwoord passief gebruik, m.a.w. min of meer adjektiwies, min of meer as bepaling. Daarom is die voorvoegsel *ge-* hier op sy plek, in teëstelling met die drie eerste sinne, waar die werkwoord aktief gebruik word en nie as bepaling, nie adjektiwies nie. Dit klop met wat ons in die volgende geval waarneem. 'n Spreker wat sê: hy het die tydskrif *illustreer*; hy het die koste *kontroleer*; hy het die saak *definieer*, sal tóg *ge-* voorvoeg in: 'n *geïllustreerde* tydskrif; *gekontroleerde* koste; 'n *gedefinieerde* begrip. By die eerste, die *ge-*lose vorme, het ons met 'n suiwer werkwoord te doen, terwyl die laaste, die vorme mèt *ge-*, adjektiwies gebruik word. Die verskil kan ook só verduidelik word: die tweede drietal sinne verskil van die eerste ten opsigte van aspek, deurdat hulle 'n meerdere mate van perfektiviteit te kenne gee, en dat daarom behoefte bestaan aan die voorvoegsel *ge-*.

Die Afrikaanse taalgebruik verskil hier van die Duitse. Die Duitser vorm steeds die voltooid deelwoord van werkwoorde op *-ieren* sonder *ge-*, bv.: *hat determiniert, kompliziert, kontrolliert*, maar die adjektiwies gebruikte deelwoord is óók sonder *ge-*, dus: *determinierte Handlung, komplizierte Sache, kontrollierte Bedürfnisse*. Dis waar, onder invloed van Engels kan die adjektiwies gebruikte deelwoord by sommige Afrikaanssprekendes ook sonder *ge-* aangetref word, bv.: 'n *illustreerde* tydskrif, maar hierdie foutiewe gebruik, hierdie anglisisme, moet goed onderskeie word van die vraagstuk wat in hierdie artikel ondersoek word.

7. Verskillende studente is van oordeel dat waar die voltooid onmiddellik of kort op die hulpww. *het* volg, die voorvoegsel *ge-* makliker weggelaat kan word as wanneer die twee deur 'n aantal woorde van mekaar geskeie word, bv.: hy het my *forseer* om dit te doen, teenoor: hulle het hom, sonder dat hy iets daaraan kon doen, *geforseer* om te gaan. Bindend hoef

dit nie te wees nie, maar die omstandigheid kan van invloed wees vir sommige persone: waar die deelwoord 'n aansienlike afstand van die hulpwerkwoord staan, is daar groter behoefte om sy werkwoordelike karakter te laat uitkom en dit word gedoen deur aan hom toe te voeg sy algemene kenmerk, nl. die voorvoegsel *ge-*.

8. Een student meen dat *ge-* soms versterkend kan werk en voer die volgende voorbeelde aan. 'n Arbeider vra aan sy kollega: Het jy die draad *konnekteer*? en kry tot antwoord: Ja, man, ek het die ding lankal *gekonnekteer*. 'n Naelloper vertel aan sy maats: Ek het verskriklik *vermeer* langs die pad. Vlak daarop herhaal hy: Het ek nie langs die pad *gevermeer* nie! Nog 'n student is van dieselfde gevoele en voer as bewys die volgende voorbeelde uit *Nooit* van C. M. van den Heever aan: daardie aand het hy . . . met 'n ywer *studeer* (bl. 17); gedurende die tyd toe hy so kwaai *studeer* het (bl. 24), teenoor: nagte het hy *omgestudeer* (bl. 75). Dis stellig 'n faktor wat van belang kan wees vir die een, maar nie noodwendig vir die ander nie.

9. Verskillende studente vertel dat hulle eers baie meer die *ge-* weggelaat het by die voltooid deelwoord van werkwoorde op *-eer*, maar dat dit deur die onderwyser teëgewerk is en hulle sodoende dit tans baie meer voorvoeg. Hier kom ons voor 'n belangrike verskynsel te staan: die invloed van die onderwyser. Gewoonlik word aangeneem dat die kind die taal praat van die ouerlike huis. In die eerste jare wêl, maar later is sy omgewing, sy maats van baie groter invloed op sy taal. En die onderwyser, veral die taalonderwyser, oefen groot invloed uit op die taal van die leerling. Daarom moet die onderwyser so oppas dat hy by sy onderrig die wese van die beskaafde taalgebruik geen geweld aandoen nie.

10. Een van my studente, mnr. P. G. van Rooyen, het tot sy 15de jaar in Kareedou (distrik Humansdorp) gewoon; van sy 15de tot sy 30ste jaar in Germiston en omgewing; daarna in Pretoria. Uit 'n lys van 148 werkwoorde op *-cer* deur hom self opgestel, gebruik hy 47 persent van die voltooid deelwoorde met *ge-*, 40 persent sonder *ge-* en is 13 persent onvas. Hy het die verbinding met Kareedou nie verbreek nie en deel mee

dat in Germiston en omgewing vorme met *ge-* baie gewoner is as in eersgenoemde oord. In Karcedou word o.a. die volgende werkwoorde sonder *ge-* gebruik in die voltooide deelwoord: *dikteer, loseer, marsjeer, molesteer, regeer, skrobbeer, soldeer, spandeer, studeer, takseer, trotsceer, waardeer*. Dis te verwag dat 'n groter sentrum minder *ge-*lose woorde sal oplewer as 'n kleiner een: die wisselwerking, en gevolglik die nivellering, die gelykmaking tussen sprekers is uiteraard groter in 'n groter sentrum en die aantal kultuurwoorde is hier natuurlik groter; en die kultuurwoord begunstig die voorvoegsel *ge-* in die voltooide deelwoord.

11. Hierdie student het 'n baie vernuftige toets laat uitvoer. Hy het 20 kort sinnetjies in die teenwoordige tyd opgestel, elk met 'n werkwoord op *-eer*, en die leerlinge is gevra om dit oor te sit in die verlede tyd, 'n oefening waaraan skoolkinders gewoond is. Voorbeeld van 'n sinnetjie: die onderwyser *dikteer* die woorde; die onderwyser het die woorde -. Die volgende 20 werkwoorde is gebruik: *annekseer, dikteer, dreineer, dresseer, interneer, loseer, marsjeer, molesteer, murmureer, organiseer, probeer, publiseer, rangeer, regeer, resiteer, spandeer, studeer, trakteeer, trotseer, waardeer*. Die toets is deur 'n vriend van my segsman uitgevoer in standards 4, 5 en 6 van 'n Afrikaansmediumskool in Elsburg. Aan die leerlinge is vooraf goed verduidelik dat elke werkwoord *ge-* kan neem of nie, al na die taalgebruik van die individu. Daarna is hulle versoek om die vereiste voltooide deelwoorde doodgewoon in te vul in ooreenstemming met eie taalgebruik, onverskillig of elke werkwoord *ge-* kry by hulle of nie. Hulle is gevra om elke sin in te vul en dit het ook gebeur in elke klas. Die uitslag van die toets is soos volg:

	St. 4	St. 5	St. 6
Met <i>ge-</i>	54%	69%	79%
Sonder <i>ge-</i> ..	46%	31%	21%

Dit spring meteens in die oog dat die uitslag van die toets besonder insiggewend is. Ons word veral getref deur 'n styging van die vorme met *ge-* van 'n laer na 'n hoër klas, en die ooreenstemmende daling van die *ge-*lose vorme. Die heer Van Rooyen meen dat die styging by die deelwoord met *ge-* soos

volg te verklaar is: namate 'n leerling styg van 'n laer tot 'n hoër klas, leer hy meer van die minder gebruiklike werkwoorde op *-eer* ken, soos bv. *distilleer* en *illustreer*; hierdie minder gewone werkwoorde kry in die taalboek gereeld *ge-* in die volt. deelwoord en gewoonlik ook by die onderwyser; deur analogie kom die leerling dan daartoe om meer deelwoorde met *-ge* te gebruik as wat hy vroeër gedoen het. Hierdie verklaring van my segsman van die betrokke verskynsel is sonder twyfel korrek, maar dit bevat slegs 'n gedeelte van die waarheid. Veilig mag aangeneem word dat die opvallende styging van die *ge-* vorm en die gevolglike daling van die *ge-*lose vorm by die voltooide deelwoord veral die gevolg daarvan is dat die vorm met *ge-* deur die klasonderwyser aan die leerlinge voorgehou is as die korrekte vorm. En is daar 'n taalboekie waarin dit nie gedoen word nie?

12. Die volgende is nie van belang ontbloot nie. 'n Student met Duits as huistaal, maar in ons land gebore en opgegroeï, deel my mee dat deur die omgang met Afrikaanssprekende studente die toestand by hom in sekere mate onvas geword het, maar dat hy nog beslis by oorweging die volt. deelwoord van werkwoorde op *-eer* sonder *ge-* gebruik. Volgens een student gebruik die plaasmense in Ventersburg (O.V.S.) steeds die vorm met *ge-*, tot selfs *geprobeer*. Dat die verhouding van *ge-*vorme tot *ge-*lose verskillend sal wees in verskillende dele van ons land, is te verwag, maar of daar dele in ons land is waar onder plaasmense glad nie die voltooide deelwoord sonder *ge-* gebruik word by werkwoorde op *-eer* nie, moet ek betwyfel op grond van die gegewens wat ek ontvang het.

B.

13. Ons kan nou oorgaan tot die oorweging van die voltooide deelwoord sonder *ge-* by werkwoorde op *-eer* wat my studente in prosageskrifte in Afrikaans gevind het. Nooit skyn so'n geskrif baie voorbeelde op te lewer nie. Volgens my student-segsman bevat Grosskopf se *Legende* net een voorbeeld en sy *Klipdolkie* geen enkele nie. Uit die geskrifte wat my studente ondersoek het, doen ek slegs 'n verteenwoordigende greep. Die ruimte laat nie toe om meer te gee nie en meer is eintlik ook

nie nodig nie. Dit spreek vanself dat 'n ondersoeker maklik een of meer voorbeelde oor die hoof kan gesien het, maar hy/sy sal wel nie voorbeelde opgee wat nie in die werk voorkom nie en dit is wat hier van die meeste belang is. Daar uitgewers gewoonlik persklaarmakers vir hulle manuskripte het en dit by die laaste die neiging is om eerder 'n *ge*-lose volt. deelwoord van die voorvoegsel *ge*- te voorsien as andersom, mag veilig aangeneem word dat wat werklik in 'n werk aan *ge*-lose volt. deelwoorde gevind word eerder minder is as wat van die skrywer self afkomstig is.

14. C. M. van den Heever skyn die voorkeur te gee aan die vorm met *ge*-, te oordeel na *Langs die Grootpad*, *Groci*, *Laat Vrugte*, *Van Aangesig tot Aangesig* en *Nooit*. Tòg vind ons in laasgenoemde werk 4 voorbeelde sonder *ge*-, nl. *opkommandeer*, *studeer* (2 maal) en *spandeer*. D. F. Malherbe gee eweneens die voorkeur aan die vorm met *ge*-, te oordeel na *Hans die Skipper*, *Die Profeet* en *Die Worstelheld*; tog vind ons *waardeer* in beide laasgenoemde werke en *spandeer* in *Die Meul Draai*. Let op dat *waardeer* en *spandeer*, veral die eerste, baie gewone woorde is. Volgens ontvangte gegewens (kyk §21) skyn Afrikaners meestal die *ge*- weg te laat by die volt. deelwoord van *waardeer*.

Kootjie v. d. Heever gebruik in *Geslote Lewens* twee maal die volt. deelwoord *spandeer*. Volgens my informant gebruik Sangiro in *Uit Oerwoud en Vlakke* net een voorbeeld, nl. *protesteer*: eindelik het hy knorrend *protesteer*. In Hymne Weiss se *Verwaaide Blocisels* kom 'n goeie tiental volt. dwe. voor, maar op een na almal met *ge*-, o.a. *gespandeer* en *gestudeer*. Die deelwoord sonder *ge*- by haar is *probeer*, wat herhaaldelik voorkom. Eugène Marais skrywe in *Die Huis van die Vier Winde* *trotseer* (2 maal), *resiteer*, *studeer* en *hanteer*, maar *geokkupeer* en *gerapporteer*. Let op dat die *ge*-lose vorme die van gewone werkwoorde is en *rapporteer* kan weliswaar nie as ongebruiklik beskou word nie, maar *okkupeer* tog wel. In M.E.R. se *Drie Vertellings* vind ons *geabsorbeer*, *geaffekteer*, *gekonsentreer* en *geloseer*, maar *probeer* en *waardeer*. Hoewel die gewone *loseer ge*- het, val dit op dat die gebruiklike *probeer* en *waardeer* daarsonder is.

In *Baanbrekers* gebruik Preller 'n man wat nie die volksmond tot rigsnoer gekies het nie — die deelwoorde *rapporteur* en *spioneer*, teenoor *gekommandeer*, *geïnsinueer*, *ge-reageer* en *gesilhoeëtteer*, en let op: die laaste drie is beslis kultuurwoorde. Langenhoven skrywe in *Doppers en Filistyne, Sonde met die Bure* en *Herrie op die ou Tremspoor* op een uitsondering na net vorme met *ge-*, o.a. *gewaardeer* (2 maal) elk in sowel *Sonde met die Bure* as *Herrie op die ou Tremspoor*, en sowaar *geprobeer*! Hy skrywe egter die deelwoord *makeer*. Dat *ge-* so oorweeg by Langenhoven, val sterk op: die man wat die skyn, die onegte so verfoei het. En die voorbeelde is gewone woorde, o.a. *geadverteer*, *gerapporteer*, *gerinnweer*, *gestudeer* en *getelegrafeer*. Ek weet nie of 'n persklaarmaker sy werke moes versorg nie, maar ek herinner daaraan dat hy in sekere opsigte sy lewe lank nader aan die Nederlandse skryfvorm bly staan het as die gemiddelde Afrikaner (vgl. die proefskrif van W. H. Venter, *Die wisselende Eindklank of -klanke van die Werkwoord in Afrikaans* en T. H. le Roux, *Afrikaanse Taalstudies* ³, bl. 111-112).

Anna de Villiers skrywe in *Die Wit Kraai* uit 5 deelwoorde 4 met *ge-*, nl. *gesilhoeëtteer*, *gekrepeer*, *gevisenteer* en *ge-arresteer*, en een daarsonder, nl. *moveer*: die een wat hom vannag *moveer* het (*moveer* is, of was in Wes-Kaapland 'n gewone volkswoord, in die betekenis „terge, plaë”).

15. As die deelwoord sonder *ge-* aan invloed van Engels toegeskrywe moet word ('n opmerking wat dikwels gehoor of gelees kan word), moet dit ons verbaas dat Leipoldt, wat sterk onder die invloed van Engels gestaan het, in *Waar Spoke Speel* haas nooit die vorm sonder *ge-* gebruik nie. Ons vind daar *gedoubleer*, *gekoketteer*, *geopereer*, *gerespekteer*, *gestudeer* en sowaar drie maal *geprobeer*. Daarnaas vind ons egter as deelwoord *regeer* en een maal *probeer*. Is die persklaarmaker vir hierdie toestand van sake verantwoordelik en was die natuur hom by die laaste twee deelwoordsvorme te sterk, of het dit alleen sy oog ontsnap? Uiteraars opvallend is die toestand by Sophie Roux. In *Arme Drommels* kom twee deelwoorde voor en albei sonder *ge-*, nl. *flankeer* en *loseer*; in *Wrede Grense* daarenteë kom al 6 voorbeelde voor met *ge-*, nl. *gefantaseer*,

gegraveer, geïrriteer, gekommandeer, gekomponeer en gesug-gereer. 'n Direkte teëstelling dus en beswaarlik kan gesê word dat die vorme mèt *ge-* almal minder gebruiklike woorde geld. Is die skryfster hiervoor verantwoordelik, of twee verskillende persklaarmakers?

Van 3 voorbeelde in Abel Coetzee se *Waarheen Vader?* het geeneen *ge-* nie, nl. *kalmeer* en *probeer* (2 maal). In P. de V. Pienaar se *Magte* kom eweneens al 7 voorbeelde voor son-der *ge-*, nl. *boctseer*, *interesseer* (2 maal), *negeer*, *poseer* en *probeer* (2 maal). In *Sy kom met die Sekelmaan* gebruik Hettie Smit 3 deelwoorde sonder *ge-*, nl. *assimileer*, *rcageer* en *stu-deer*, en 1 met *ge-*, nl. *gerespekteer*; en die laaste in passiewe (adjektiwiese) funksie: wanneer die individu *gerespekteer* word. Let op hoe die *ge-*lose deelwoord by hierdie drie skrywers oor-weeg.

16. Van die 16 voorbeelde in J. R. L. van Bruggen se *Erf-gename* kom slegs 1 sonder *ge-* voor, nl. *presteer*. Van J. F. W. Grosskopf ontbeer die 1 voorbeeld in *Ecn Legende* die *ge-*, nl. *regeer*; die 3 voorbeelde in 'n *Esau* het almal die voorvoeg-sel, nl. *aangepresenteer*, *geprotesteer*, *gestudeer*; van die 2 voor-beelde in *As die Tuig Skawe* kom 1 met *ge-* voor en 1 daar-sonder, nl. *gctelegrafeer*, teenoor *tempteer*. In die gebroeders Hobson se *Vlam van die Suurveld* ontbeer al drie deelwoo-rde die *ge-*, nl. *molesteer*, *probeer* en *visenteer*. Soos bekend, is Van Bruggen van Nederlandse, Grosskopf van Duitse en die Hob-sons van Engelse afkoms; daarom groepeer ek hulle apart. Gelet op die groot ooreenkoms in bou tussen die Nederlandse en Afrikaanse vorm van die tipe werkwoord deur ons hier ondersoek, bv. Ndl. *presteren*, Afr. *presteer*; gelet ook op die eng taalkundige en kulturele band tussen die betrokke twee volke, lê dit voor die hand dat Van Bruggen deur sy afkoms ten gunste van die voorvoegsel *ge-* beïnvloed is. In die geval van Grosskopf en die Hobsons is ek nie van oordeel dat hulle afkoms die toestand beïnvloed het nie: wat Grosskopf betref, omdat hy, soos bekend, hom deur en deur vereenselwig het met die Afrikaanse taal en kultuur; wat die Hobson-broers betref, vanweë die redes in §§28-33 genoem waarom Engels nie van invloed kan gewees het by die weglating van die voorvoegsel *ge-* nie.

C.

17. Tot sover het ek gebruik gemaak van materiaal wat deur my studente versamel is. Ek gaan nou oor tot die bespreking van voorbeelde wat ek self opgeteken het. Vir die oorsigtelikheid rangskik ek my voorbeelde alfabeties. Ek het my veral toegelê op die meer gebruiklike woord. Ek gebruik die volgende twee afkortings: *Trv.* staan vir „Die Transvaler” en *Hf.* vir „hoofartikel” in genoemde blad. My voorbeelde:—

absorbeer: M.E.R., *Na Vaste Gange*: hoedat sy die man se wese intellektueel *absorbeer* het (bl. 50);

assimileer: na afloop van 'n toespraak wat ek, by sekere geleentheid, voor die personeel en die studente moes hou, kom wyle prof. Isak Bosman na my toe en vra: Ek het jou twee keer hoor sê *geassimileer*; is ons vorm van die deelwoord in Afrikaans dan nie *assimileer* nie?

blameer: *Trv.*, *Hf.*, 3/9/46: hy moet ook *blameer* word vir die valse gerusstelling waarmee hy die publiek om die bos gelei het;

boetseer: P. de V. Pienaar, *Magte*: miskien deur God . . . so *boetseer* (nl. die rotse);

dateer: M.E.R., *Na Vaste Gange*: dat ek die hele loop heelwat later *dateer* het (Voorwoord, bl. I);

dikteer: *Trv.*, *Sake v. d. Dag*, 27/6/47: soos die politieke belang . . . van sy eie land *dikteer* het;

doseer: *Trv.*, *Nuus*: sommige van die baie vakke wat *doseer* word;

emigreer: *Trv.*, *Nuus*, 20/2/47: daarop het die Baltiese bevolking massagewyse voor die Russe uit *emigreer*;

hanteer: *Trv.*, *Hf.*, 5/11, 46: indien huishoudelike aangeleenthede moet *hanteer* word; *Trv.*, *Nuus*, 25/1/47: S. het die Indiër-kwessie nog swakker *hanteer*;

interesseer: M.E.R., *Na Vaste Gange*: hierdie huwelik wat vir ons so geweldig . . . *interesseer* het (bl. 49); P. de V. Pienaar, *Magte*: Ek het jou *interesseer*, nè? Antonie het hom nooit *interesseer* nie;

kalmeeer: M.E.R., *Na Vaste Gange*: wie sal sê watter . . . herinnering . . . vir Dudley *kalmeeer* het (bl 261);

- kampeer*: *Trv., Nuus*, 25/7/46: die gesin het . . . in die Bosveld *kampeer*;
- makeer*: F. P. van der Merwe, *Mevrou Bovary*: wat het jou *makeer* (bl. 211)?
- marsjeer*: B. G. Lindeque, *Afr. Taalocfninge*: toe die generaal . . . na die stad . . . *marsjeer* het (bl 158);
- negeer*: P. de V. Pienaar, *Magte*: Faans het Hetta heeltemal *negeer*;
- opponeer*: M.E.R., *Na Vaste Gange*: daarna het Hendrik . . . hom met . . . toewyding *opponeer* (bl. 137);
- organiseer*: *Trv., Nuus*, 22/5/46: die vergadering word nie *organiseer* deur die . . . party . . . nie;
- poseer*: P. de V. Pienaar, *Magte*: met daardie houding waarmee hy voor my *poseer* het:
- presteer*: *Trv., Nuus*, 30/3/46: ten opsigte waarvan die blanke volk . . . reeds pragtig *presteer* het; die laerskool het *presteer* (ald., 25/5/46);
- probeer*: *Mark.* 12:12: en hulle het *probeer* om Hom in die hande te kry: (*Opm.* Volgens 'n private skrywe van Totius kom in die Bybel van hierdie werkwoord net voor die voltooidedeelwoord *probeer*. Tekenend is wat Totius by hierdie geleentheid aan my skrywe. Hy vertel dat aan die Bybelvertalers aanbeveel is o.a. *geprobeer*, *geopenbaar* en *geregeer*, maar dat *geprobeer* vir hulle tog tē magteg was en daarom in die Bybel net die voltooidedeelwoord *probeer* voorkom. Op grond hiervan neem ek aan dat van die werkwoorde op *-eer* net van *probeer* die volt. dw. sonder *ge*-gebruik word. Ek het altans geen ander voorbeeld gevind nie, hoewel ek veral in die historiese boeke: *Konings* en *Kronieke*, hard gesoek het of nie moontlik die volt. dw. *regeer* voorkom nie).
- protesteer*: *Trv., Nuus*, 28/3/46: hy het daarteen *protesteer*;
- punktueer*: uit 'n opstel van 'n H.O.D.-student by 'n openbare eksamen teken ek binne sowat 10 reëls die volgende drie voorbeelde op: 'n stuk wat sleg *punktueer* is; allermens wil ons egter hē dat skriftelike werk so *punktueer* word; die vraag ontstaan dan: hoe moet *punktueer* word?
- regeer*: *Trv., Nuus*, 3/4/46: sou hy gesē het dat Rusland deur

'n diktator regeer word; *Trv., Hf.*, 10/2/47: dat hul vakbond op suiwer demokratiese wyse regeer moet word; *ald.*, 21/5/47: so verstandig sou die Smuts-bewind regeer het; *Trv., Sake van die Dag*, 20/5/46: die klagte . . . dat daar diktatoriaal regeer word: *ald.*, 21/5/46: sommige wou hê dat die besette dele deur die oorwinnaars moes regeer word; *ald.*, 11/3/47: hoe die toekomstige Duitsland moet regeer word; J. F. W. Grosskopf, *Legende*: moeder moes gesien het hoe fier en maklik hy Evert se kwaai skimmelperd regeer het; T. H. le Roux en J. J. le Roux, *Mnl. Grammatika*, par. 342: 'n genitief word regeer deur die byvoeglike naamwoorde wat . . . (*hierdie sin is deur my naamgenoot geskrywe*);

spandeer: *Trv., Nuus*, 4/11/46: afgevaardigdes . . . het baie tyd *spandeer*; *Trv., Hf.*, 5/2/47: dat hy (die minister) . . . te kwistig *spandeer* het; *ald.*, 20/3/47: so het dit dikwels gebeur dat stadsgeld *spandeer* is; F. P. van der Merwe, *Mev. Bovary*: hy het soveel *spandeer* aan herstelwerk . . . dat (bl. 117);

studeer: *Trv., Nuus*, 10/6/44: nadat sy . . . in Kaapstad *studeer* het; *ald.*, 10/5/46: dat sy . . . in Duitsland *studeer* het; F. P. v. d. Merwe, *Mev. Bovary*: toe ek . . . in Rouan in die artsenykunde *studeer* het (bl. 162); *Die Huisgenoot*, 27/5/49: aan die universiteit van Gent het hy (Maeterlinck) in die regsgeleerdheid *studeer* en 'n kort wyle het hy in sy geboortestad *gepraktiseer* (bl. 5, kol. 2, van die *Redaksie*; — die twee volt. deelwoorde, die een sonder en die ander mèt *ge-*, so vlak opmekaar, mag seker as bewys geld dat die *ge-*lose vorm geen lapsus is nie); B. G. Lindeque, *Afr. Taal oefeninge*: ek appresieer . . . die feit dat jy so fluks *studeer* het (bl. 75);

triomfeer, trotseer: *Ges.* 119:5:

U het en dood, en hel *trotseer*
En oor die sonde *triomfeer*;

Dat dit in die rym voorkom, doen niks af aan die bewyskrag van die voorbeeld nie, want die berymer kon maklik *ge-*ingevoeg het as hy daaraan die voorkeur gegee het, op een van die volgende twee maniere:

(a) deur die uitgelate deel deur 'n afkappingsteken aan te duie, aldus:

U het *èn* dood, *èn* hel 'trotseer
en oor die sonde 'triomfeer;

(b) deur van omsetting en die infinitief gebruik te maak, aldus:

Èn dood, *èn* hel wou U *trotseer*
En oor die sonde *triomfeer*;

Trv., Nuus, 28/3/46: dat Von Ribbentrop die dood *trotseer* het;

waardeer: *Trv., Nuus*, 1/4/46: wie se eerlikheid . . . deur almal *waardeer* word; *ald.*, 11/11/46: die skip wat . . . teen £2,000,000 *waardeer* word; P. H. Langenhoven, *Sanger van die Suikerbosrand*: sy werk as medikus en volksanger staan hoog aangeskryf en word diep *waardeer* (bl. 71); *ald.*: eers na sy heengaan sal dit (nl. sy werk) reg geskat en *waardeer* word (tekenend van die gebruiklikheid by hierdie skrywer van die vorm sonder *ge-* by *waardeer* is die feit dat die twee voorbeelde voorkom in twee op mekaar volgende sinne en dat elke voorbeeld in die betrokke sin voorafgegaan word deur 'n deelwoord met *ge-*: die eerste deur „aangeskryf” en die tweede deur „geskat”, sodat daar volop geleentheid was om aan die voorvoegsel *ge-* herinner te word); M.E.R., *Na Vaste Gange*: Hendrik en Bruintjie het haar *waardeer* (bl. 197); *ald.*, nadat . . . Marianne die volle betekenis van Ouma se bystand . . . *waardeer* het (bl. 248); B. G. Lindeque, *Afr. Taaloeffeninge*: 'n voorreg wat 'n mens eertyds geniet dog nie *waardeer* het nie (bl. 153).

In 'n brief aan my merk Totius van hierdie werkwoord op: „Ek sou dit heeltemal natuurlik vind om te sê: ek het dit baie *waardeer*, terwyl *gewaardeer* vir my onnatuurlik klink.”

Opn. Om die gebruiklikheid van die deelwoord sonder *ge-* by die meer alledaagse werkwoord te laat uitkom, veral by *regeer*, *spandeer*, *studeer* en *waardeer*, het ek by hierdie werkwoorde meer voorbeelde gegee as by die ander en ek sou baie meer kon toegevoeg het uit wat ek aangeteken het.

D.

18. Ek het vervolgens die volgende rondvraaglys opgestel en uitgestuur. Dis nodig om kortliks te verduidelik hoe die lys opgestel is. Dit bevat alledaagse werkwoorde, soos *probeer*, *regeer*, *studeer* en *waardeer*; kultuurwoorde, soos *federeer*, *punktueer* en *suggereer*, en werkwoorde wat op die grens staan tussen alledaags en kultuur, woorde soos *assimileer* en *presteer*.

Hier volg die lys, met die volgende toeligting en versoek:

„Wwe. op -eer kan die volt. dw. vorm met of sonder die voorvoegsel *ge-*. Vul in die oop gelate ruimte in newensgaande 25 sinnetjies die vorm van die dw. in wat U normaalweg sou gebruik. Moenie die vorm met ander bespreek nie. Vul ook in die plek waar U opgegroeï het.

Daar's ruimte vir 'n opmerking as U dit wenslik ag.

Ek het hierdie informasie nodig i.v.m. 'n ondersoek.

Teken u naam.

Baie dankie,

T. H. le Roux.

1. *assimileer*: hy het die inhoud van die boek nie goed
nie;
2. *blameer*: hy het my daarvoor ;
3. *dikteer*: die meester het al die woorde ;
4. *doseer*: watter vak het hy aan die universiteit ?
5. *federeer*: drie van die state het reeds ;
6. *hanteer*: jy het die saak goed ;
7. *illustreer*: die uitgewer het die tydskrif mooi ;
8. *interesseer*: die saak het hom nooit nie;
9. *irriteer*: die kind het my die hele tyd ;
10. *loseer*: hy het by sy tante ;
11. *makeer*: onthou jy wat hom het?
12. *negeer*: die spreker het die rusverstoorder heeltemal
;
13. *opponeer*: hy het die spreker heftig ;
14. *organiseer*: hulle het die kongres baie goed ;
15. *publiseer*: wanneer het hy daardie boek ?
16. *presteer*: daardie man het nog nie veel nie;

17. *probeer*: het jy al om dit te doen?
18. *protesteer*: hy het heftig teen die beskuldiging;
19. *punktueer*: hy het sy opstel sleg ;
20. *regeer*: die koning het 10 jaar ;
21. *resiteer*: die dogter het die gedig goed ;
22. *studeer*: die man het 8 jaar lank ;
23. *suggereer*: hy het daardie gedagte meermale ;
24. *trotseer*: die kind het my die hele tyd ;
25. *waardeer*: hy het sy voorregte nie behoorlik nie.

- I. Plek (distrik, dorp, stad) waar U opgegroeï het;
- II. Moontlike opmerking;
- III. Handtekening (naam)".

19. Ek het die lysie aan 'n goeie 80 persone gestuur, maar slegs van 75 dit terugontvang. By my keuse van inligters het ek my by voorkeur gewend tot persone wat in Holland studeer het, van wie veronderstel mag word dat insake 'n punt soos wat hier ondersoek word hulle eerder na die Nederlandse taalgebruik sal oorhel as na die Engelse. Dan het ek my informante graag versprei oor die hele Afrikaanse spraakgebied. So het ek inligting ontvang van 'n enkele persoon uit Natal (Vryheid) en 'n enkele uit die Oostelike Kaapprovinsie (Elliot), maar anders is my segslui afkomstig uit die meer Afrikaans georiënteerde dele van ons land: van Upington in die noordweste tot Burgersdorp in die noordooste, van Waterberg in Noord-Transvaal tot Oudtshoorn, Riversdal en Somerset-Wes in die suide.

Dikwels was dit my nie vantevore bekend waar 'n segsman opgegroeï het nie en het ek eenvoudig gekies wie ek as oordeelkundige informant beskou het. So het dit meermale gebeur dat verskillende inligters in dieselfde distrik grootgeword het. Hierdie omstandigheid het hierdie voordeel dat daardeur waargeneem kan word in hoever hulle inligting verskil of ooreenkom, en soos later sal blyk, is dit opvallend in watter hoë mate hulle taalgebruik ooreenstem.

20. Die gemiddelde persentasie voltooide deelwoorde sonder *ge-* by my 75 informante is 46.6%. Vir die spraakgebied as geheel geneem, is dit inderdaad 'n heel aansienlike persentasie. Daarby moet in gedagte gehou word hoe die lys saamgestel is (§18). Dit sou maklik wees om 'n lys so saam te stel dat die aantal *ge-*lose deelwoorde òf baie laag, òf baie hoog uitval.

Dis van belang om 'n bietjie nader in te gaan op indiwiduele persentasies. Een van my 75 inligters gebruik, op een na, die volt. dw. van al 25 werkwoorde van die lys mèt die voorvoegsel *ge-*. Die een uitsondering is die ww. *makeer*, wat hy met of sonder *ge-* gebruik. 'n Tweede informant gebruik op twee na al 25 werkwoorde mèt *ge-* in die voltooide deelwoord. Die twee uitsonderinge is *makeer* en *probeer*, wat hy mèt of sonder *ge-* gebruik. Dan is daar 8 inligters wie se voltooide deelwoorde sonder *ge-* afwissel tussen 8% en 24%, maar hierdie gevalle vorm die besliste minderheid. By die oorgroot meerderheid van die 75 inligters wissel die persentasie volt. deelwoorde sonder *ge-* af tussen 30% en 60%. Ruim 1/3 van die 75 informante gebruik 52% of meer van die volt. deelwoorde in die vorm sonder *ge-*, en ruim 1/7 van die 75-tal gebruik 64% van die deelwoorde sonder *ge-*.

Waar 'n informant nie seker is of hy 'n deelwoord sonder *ge-* gebruik nie, het ek dit opgevat as synde 'n geval mèt *ge-*; waar iemand 2 deelwoorde gee met of sonder *ge-*, het ek dit opgevat as 1 mèt *ge-* en 1 daarsonder.

21. Dis van belang om te weet watter werkwoorde by die 75 informante meestal, of veral 'n voltooide deelwoord sonder *ge-* kry. In alfabetiese volgorde gerangskik, is dit die volgende 11 (ons gee die aantal deelwoorde sonder *ge-* vir elke ww. tussen hakies): *blameer* (49), *hanteer* (45), *loseer* (64), *makeer* (71), *negeer* (51), *presteer* (57), *probeer* (68), *regeer* (61), *studeer* (57), *trotseer* (40), *waardeer* (60). M.a.w. die werkwoord met die laagste aantal *ge-*lose deelwoorde, nl. *trotseer*, lewer tòg ruim 53% op; en 8 deelwoorde van hierdie 11-tal lewer ruim 66% deelwoorde sonder *ge-* op.

Nader beskou, is dit veral die volgende 5-tal wat 'n volt. deelwoord sonder *ge-* aanwys: *loseer*, *makeer*, *probeer*, *regeer*

en *waardeer*. Hierdie frekwensies kom taamlik ooreen met wat my studente by hulleself waargeneem het (A), by bepaalde skrywers gevind het (B) en ek aangeteken het in allerlei geskrifte (C).

22. Daar is geen enkele werkwoord uit die 25-tal van my lys wat nie by sommige van die 75 informante 'n deelwoord sonder *ge-* kry nie, maar by die kultuur- of minder gebruiklike woord is die frekwensie laag. Van hierdie minder gebruiklike werkwoorde noem ek die volgende 6, met die aantal *ge-*lose deelwoorde tussen hakies: *federeer* (6), *illustreer* (4), *organiseer* (5), *publiseer* (7), *punktuer* (7), *suggereer* (6). Dit staan in skrilte teëstelling met wat my 75 inligters my meedeel omtrent die twee gebruiklikste (mees frekwente) werkwoorde van die 25-tal, nl. *makeer* en *probeer*. Slegs 2 uit die 75 gebruik *ge-*makeer, maar daarnaas ook bloot *makeer*: slegs 7 uit die 75 gebruik *ge*probeer en die besliste meerderheid onder hulle gebruik *probeer* daarnaas.

Ek vra eendag aan 'n B.A. III-student of dit nou moet wees „het *ge*probeer” of „het *probeer*”. Daarop ontvang ek die tekenende antwoord: Sou dit nie baie swaar (bedoel was „lomp”) wees om te sê het *ge*probeer nie? Vergelyk die mededeling van Totius dat o.a. *ge*probeer aan die Bybelvertalers voorgestel is, maar hulle dit te magtig gevind het en daarom net die voltooide deelwoord *probeer* in die Bybel gebruik word (kyk §17, onder *probeer*).

23. Hoërop het ek meegedeel dat meermale twee of meer van my 75 informante in dieselfde distrik grootgeword het en hulle respektiewe persentasies *ge-*lose deelwoorde baie ooreenstem. Ek noem hier enige voorbeelde, met die persentasie *ge-*lose deelwoorde daarby: 2 uit die distrik Rustenburg: beide 52%; 2 uit die distrik Lichtenburg: 56% en 64%; 2 uit die distrik Potchefstroom: 48% en 52%; 2 uit die distrik Philipstown: 60% en 64%; 3 uit die distrik Ermelo: 56%, 56%, en 60%.

Ek noem vervolgens, vir die vergelyking, 'n aantal opgawes van segslui oor die hele spraakgebied; ek noem net die distrik waar die betrokke informant opgegroeï het: Paarl: 56%; Riversdal: 56%; Ceres: 60%; Philipstown: 60%; Bur-

gersdorp: 48%; Edenburg: 60%; Bloemfontein: 52%; Frankfort: 56%; Carolina: 52%; Standerton: 52%; Waterberg: 52%. My eie persentasie *ge*-lose voltooide deelwoorde (Worcester) is ruim 52%.

Hierdie genoemde persentasies besit natuurlik geen absolute waardes nie, want onder verskillende omstandighede kan hulle toe- of afneem, soos nader aangetoon word in die volgende paragraaf. Hulle word hier alleen genoem as 'n algemene aanduiding. Die volgende is daarom in sekere sin 'n vaster aanduiding: *gemakeer* en *geprobeer* is vir my 'n onmoontlikheid: dit hou op om Afrikaans te wees; *geregeer*, *gestudeer* en *gewaardeer* vind ek onnatuurlik, veral die eerste en die laaste; waar ek te doen het met wat vir my 'n kultuurwoord is, daar is die voorvoegsel *ge*- beslis vereiste, bv. *gefedereer*, *gesuggereer*. Waar 'n werkwoord staan tussen alledaags en kultuur, daar kan ek die *ge*- gebruik of weglaat versover ek onbewus praat of skrywe, maar namate 'n werkwoord oorgaan tot die kategorie „algemeen,” sal die neiging by my toeneem om die *ge*- weg te laat. En ek wil dit byvoeg omtrent my eie taalgebruik. As iemand wat lank in Holland studeer het, wie se vak veral Nederlands was en wat baie jare sy lesse uitsluitend in Nederlands gegee het, staan ek in meer as een opsig stellig onder invloed van Nederlands. Waar ek twyfel aan 'n Afrikaanse taalgebruik, daar is dit my vaste beleid om oor te hel tot die Nederlandse, as synde die ouer weg.

24. Verskillende van my 75 informante spreek 'n gedagte uit omtrent wat by hulle die voltooide deelwoord sonder *ge*- in die hand werk. Ek laat hier kortliks volg die vernaamste van daardie opmerkinge:—

(i) Minstens 7 uit die 75 is van oordeel dat die meer gebruiklike werkwoord die *ge*- ontbeet in die voltooide deelwoord. Sonder twyfel het ons hier 'n baie belangrike faktor en ons kom daar later op terug. Dr. C. F. Visser (leier van ons Voorrekkers) druk die gedagte kernagtig soos volg uit: „Hoe meer in die volksmond, hoe meer weglating van voorvoegsel *ge*-.” By hom bly 64% van die 25 werkwoorde sonder *ge*- in die voltooide deelwoord.

(ii) Een informant meen dat hy *ge-* gebruik voor 'n klinker en vul dan in: *geassimileer*, *geïllustreer*, *geïnterneer*, *geïrriteer*, *geopereer*, *georganiseer*. Waarskynlik is hierdie werkwoorde vir my segsman eerder kultuur- as gewone woorde, en *illustreer* en *organiseer* is dit miskien vir die meeste. Van my 75 informante het weliswaar 71 *geïllustreer* en 70 *georganiseer*, maar daarteenoor het 15 die deelwoord *assimileer*, 17 *interesseer*, 14 *irriteer* en 18 *opponeer*. En as ons doodgewone werkwoorde neem soos *adverteer*, *adresseer*, *akkordeer*, *amuseer*, *eksamineer*, *eksporteer* en *importeer*, sal hope sprekers die *ge-* weglaat, miskien ook die betrokke informant. Dis hier dus bloot toeval.

(iii) Drie informante meen dat hulle *ge-* voorvoeg by werkwoorde van meer as twee lettergrepe en vul dan in o.a. *hanteer* en *studeer*, teenoor *geassimileer* en *geopponeer*. Dis moeilik om hierdie moontlike faktor te beoordeel want toevallig is heelwat werkwoorde op *-eer* juis tweelettergrepig: dink byvoorbeeld aan *blameer*, *hanteer*, *loseer*, *makeer*, *negeer*, *presteer*, *probeer*, *regeer*, *studeer* en *waardeer*. By my het hierdie faktor geen invloed nie. As dit 'n min of meer gebruiklike werkwoord is, neem die deelwoord geen *ge-* nie, onverskillig wat die aantal lettergrepe is, bv.: hy het die huis *adverteer*; ons het nooit goed *akkordeer* nie; die geval het my baie *amuseer*; die saak het my nie juis *interesseer* nie; hy het my gisteraand weer heftig *opponeer*. Van my 75 informante vul 15 in die deelwoord *assimileer*, 17 *interesseer*, 14 *irriteer*, 18 *opponeer*, 12 *protesteer* en 12 *resiteer*, wat tog aansienlike aantalle is.

(iv) Dosent J. P. Bingle (departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria), wat 40% *ge-*lose deelwoorde gebruik, vul in: die koning het 10 jaar *regeer* (no. 20), maar merk op dat as hy „lank” sou invoeg, dit dan word *geregeer*, dus: die koning het 10 jaar lank *geregeer*. Hy vul ook in: die meester het al die woorde *gedikteer* (no. 3), maar voeg by dat as hy „al” sou skrap, die *ge-* dan wegval, dus: die meester het die woorde *dikteer*. Hy voeg die volgende opmerking by: „Dit wil my dus voorkom of die omringende woorde ook invloed uitoefen.”

Hierteenoor vul dr. H. van der Merwe Scholtz (eweneens van die departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria), wat

52% deelwoorde sonder *ge-* gebruik, in: die kind het my die hele tyd *irriteer* (no. 9) en: die kind het my die hele tyd *trotseer* (no. 24), maar voeg by dat as hy in beide sinne die woorde „die hele tyd” sou skrap, hy dan in altwee gevalle ’n deelwoord met *ge-* sou gebruik, dus: die kind het my *geïrriteer*; die kind het my *getrotseer*. Hy sluit af met die opmerking: „Dit lyk of die aspek hier ’n onmiskenbare rol speel.”

Op die eerste gesig lyk die twee standpunte in direkte teësprak met mekaar: as Bingle die versterkende woord „lank” invoeg, vereis die deelwoord ’n *ge-*, bv. die koning het 10 jaar lank *geregeer*; maar as Scholtz die versterkende woorde „die hele tyd” skrap, is die *ge-* juis nodig: die kind het my *geïrriteer*, teenoor: die kind het my die hele tyd *irriteer*. En as ons uitgaan van die standpunt dat die voorvoegsel *ge-* iets perfektiverends besit, dan lyk dit logieser dat by die versterkende *lank/die hele tyd* die *ge-* agterweë kan bly. M.a.w. die redenasie van Scholtz lyk aanneemliker as die van Bingle.

Die twee standpunte hoef ewenwel nie met mekaar in teësprak te wees nie, maar moet vanuit verskillende gesigspunte gesien word. Vir Bingle is die bepaling „lank” ’n versterkende element en wanneer hy aanwesig is, moet die voorvoegsel *ge-* ’n verdere versterking bring, dus: die koning het 10 jaar *lank geregeer*. Dit herinner dan sterk aan die voorbeeld van my student-segsman in §8: Het jy die draad *konnekteer*? Ja, man, ek het die ding *lankal gekonnekteer*. Vir Scholtz daarenteë is die bepaling „die hele tyd” op sigself iets perfektiverends en kan by die aanwesigheid daarvan die voorvoegsel *ge-* derhalwe agterweë bly, dus: die kind het my *die hele tyd irriteer*, teenoor: die kind het my *geïrriteer*. By my speel geeneen van hierdie twee standpunte ’n rol nie, maar dit kan heel goed vir ander ’n beslissende faktor wees.

(v) Twee informante maak die volgende verskil: hy het sy voorregte nie behoorlik *waardeer* nie, teenoor: hy het die huis op £3,000 *gewaardeer*.

Mense met hierdie taalgebruik sou ook die volgende verskil kan maak:

(a) die man het my baie *trotseer*, teenoor: hy het wind en weer *getrotseer*; (b) die meester het die woorde *dikteer*, teen-

oor: weens sy basige natuur het hy baie graag *gedikteer*. Dit kom dan vir (a) en (b) op die volgende neer: by die meer gewone betekenis van die werkwoord bly die deelwoord sonder *ge-*, maar by die minder gewone betekenis is die *ge-* nodig. Dit is dan 'n stappie verder as wat onder (i) gekonstateer is, nl. dat die meer alledaagse werkwoord op *-eer* die voorvoegsel *ge-* ontbeer in die voltooid deelwoord, die minder gewone werkwoord daarenteë nie.

(vi) Dr. H. J. Terblanche (senior lektor vir Afrikaans, Universiteit van Natal) vertel dat hy vroeër by oorweging die *ge-*lose vorm van die voltooid deelwoord gebruik het by werkwoorde op *-eer*, maar nou oorhel na die ander kant „omdat die vorm met *ge-* as korrek beskou word.” Oud-inspekteur dr. S. J. du Toit (tans aan die Woordeboek in Stellenbosch) maak die volgende opmerking by sy lys: „My studie van Nederlands het my natuurlik altyd die *ge-*vorm laat beoefen, tot dit gewoonte geword het.” Hy vul 20% van die 25 sinne in sonder *ge-*. Ook 'n paar ander informante vertel dat die studie van Nederlands hulle daartoe gebring het om die *ge-* meer en meer te gebruik.

'n Ander informant merk op dat by hom die gebruik van *ge-* toegeneem het onder invloed van taalonderwys. Verskillende segslui vertel dat wanneer hulle skrywe of bewus praat, hulle maklik daartoe kom om *ge-* te gebruik waar hulle dit by onbewuste praat nie sou doen nie.

Uit hierdie getuienisse is dit volkome duidelik dat om bewuste, vermeende redes Afrikaanssprekendes daartoe kom om die voorvoegsel *ge-* by die volt. deelwoord van werkwoorde op *-eer-* te gebruik waar hy nie tot hulle natuurlike, hulle eintlike taal behoort nie. 'n Noukeurige ondersoek sal stellig aan die lig bring dat dit met baie Afrikaanssprekendes die geval is. Wat meer is: uit die opmerkings van verskillende informante met lae persentasies deelwoorde sonder *ge-* is dit duidelik dat hulle die *ge-*lose vorm langamerhand bewus uitgeskakel het as synde 'n foutiewe taalgebruik.

Die volgende twee gevalle is uiters tekenend en bevestig my opmerking van nou net. Ek stuur 2 lyste aan twee broers, beide gedoktoeer aan die kant van die geesteswetenskappe. Die

een gebruik 2% deelwoorde sonder *ge-*, maar die ander 56%!
Hoef ons te vra wie van die twee sy oorspronklike toestand die
getrouste bewaar het?

25. Of daar werklik dele van ons spraakgebied is waar
die voltooidde deelwoord van die werkwoord op *-eer* steeds *ge-*
kry, weet ek nie, maar op grond van die ontvangte gegewens
moet ek dit sterk betwyfel. Een van my studente vertel dat die
plaasmense in die distrik Ventersburg (O.V.S.) steeds *ge-* voor-
voeg, tot selfs *geprobeer*. Ek het gevolglik my lys gestuur aan
die onderwyser vir Afrikaans in daardie dorp, maar het geen
antwoord terugontvang nie.

Te oordeel na die uiters geringe persentasie deelwoorde
sonder *ge-* wat 'n informant uit die distrik Senekal gebruik, nl.
4%, het ek gewonder of moontlik daar die *ge-*lose vorm haas
nie gebruik word nie. By navraag het ewenwel geblyk dat dit
nie die geval is nie. Ek het my lys aan die onderwyser vir
Afrikaans aan die skool aldaar gestuur (J. A. de Villiers), met
die versoek om dit in 'n paar klasse te laat invul. Hy het die
lyste deur 70 leerlinge laat invul en aan my gestuur. Die uit-
koms wyk nie noemenswaardig af van die van die oorgroot
meerderheid van my 75 informante nie, soos beskrywe in §20.
'n Paar van die leerlinge gebruik by oorweging die voorvoegsel
ge-, maar die meerderheid laat dit vir ruim 50% weg, en die
werkwoorde sonder *ge-* is veral *blameer*, *dikteer*, *interesseer*,
loseer, *makeer*, *presteer*, *probeer*, *regeer*, *studeer* en *waardeer*,
meer bepaald die volgende 5: *makeer*, *probeer*, *regeer*, *studeer*
en *waardeer*. Die uitkoms stem dus baie nou ooreen met die
by die groot meerderheid van my 75 informante.

E.

26. Ons kom nou terug tot die tweede gedeelte van die
taak wat ek my in §1 gestel het. Uit die voorgaande het dui-
delik geblyk dat by beskaafsprekende Afrikaners weglating
van die voorvoegsel *ge-* baie gewoon is by die voltooidde deel-
woord van die meer gebruiklike werkwoord op *-eer*. En in §5
het ons gesien waarom veral die meer gebruiklike werkwoord
sonder *ge-* bly. Ons kan nou oorgaan tot 'n nadere beskouing
van die vraag waaraan die afwesigheid van die voorvoegsel *ge-*

toegeskrywe moet word. Dit sal blyk dat invloed van Engels daar niks mee te doen het nie.

27. In *Ons Eie Boek* van Junie 1942, bl. 64 vra 'n leser of dit moet wees „hy het dit *gepropageer*” of „hy het dit *propageer*” en Oom Taalwag antwoord daarop: „Met uitsondering van een enkele geval, *probeer*, is dit 'n uitgemaakte saak dat die gebruik van ander werkwoorde op *-eer* sonder *ge-* by die voltooide deelwoord anglisisties is; daarom *gepropageer*, *gedemonstreer*, *geformuleer*, *geregeer*.”

Hierdie opmerking het seker menige leser verbaas laat opkyk. Wie het hierdie vraagstuk in daardie gees uitgemaak? In die *Afrikaanse Spelreëls* lees ons in par. III(2), bl. XI die volgende: „Verlede deelwoorde van werkwoorde op *-eer* word in die Woordelys alleen aangegee in die vorm met *ge-*, bv. *gealiëneer*, *geïnformeer*, *geprotesteer*, hoewel daar ook vorme sonder *ge-* voorkom . . . Al is hulle nie opgeneem nie, word sulke *ge-lose* vorme tog erken.”

28. Waarop berus die bewering dat die afwesigheid van *ge-* in die voltooide deelwoord van hierdie werkwoorde aan invloed van Engels toe te skrywe sou wees? Die gedagtegang is blykbaar soos volg. Afgesien van werkwoorde met 'n swakbeklemtoonde, onskeidbare voorvoegsel, bv. *aanbid*, *beveel*, *vergeet*, kry die voltooide deelwoord in Afrikaans steeds die voorvoegsel *ge-*. Engels daarenteë vorm die voltooide deelwoord sonder die ooreenstemmende voorvoegsel en by werkwoorde op *-eer*, wat tóg hetsy deels, hetsy geheel van vreemde oorsprong is, bv. *assimilceer*, *dikceer*, *forseer*, *importceer*, *protesteer*, staan die Afrikaner onder die invloed van die Engelse werkwoorde van dieselfde stam, nl. in hierdie geval van *assimilate*, *dictate*, *force*, *import* en *protest*, met die gevolg dat sy voltooide deelwoord dan word „het *assimileer*, *dikceer*, *forseer*, *importceer*, *protesteer*, net soos Eng. „has *assimilated*,” ens., i.p.v. die as alleen korrek veronderstelde „het *geassimileer*,” ens.

29. Maar Afrikaans het hierdie werkwoorde op *-eer* nie ontleen aan Engels nie, soos die uitgang reeds dadelik laat sien, vgl. maar *assimileer* met Eng. *assimilate*. Afrikaans het sy werkwoorde op *-eer* ontleen aan die ooreenstemmende Ndl. werkwoord, met verlies van die infinitiefuitgang *-en*. Om ge-

noemde vyf werkwoorde te herhaal: *assimileer, dikteer, forseer, importeer* en *protesteer* is ontleen aan Ndl. *assimileren, dicteren, forceren, importeren* en *protesteren*, met verlies van die uitgang *-en*. Daar's baie van hierdie werkwoorde in Afrikaans, net soos in Nederlands. Die Hollander het op sy beurt hierdie tipe werkwoord ontleen aan Frans: *assimileren, dicteren, forceren, importeren* en *protesteren* gaan terug op Fr. *assimiler, dicter, forcer, importer* en *protester*, waaraan die Hollander toegevoeg het die Ndl. infinitiefuitgang *-en*. Dis waar, Engels het hierdie tipe werkwoord ook aan Frans ontleen, maar dit is hier van geen praktiese belang nie, want ons het hierdie klas woorde gekry uit Nederlands, nie uit Engels nie.

30. Let ook op die volgende. In die meeste gevalle staan daar weliswaar teenoor 'n werkwoord op *-eer* in Afrikaans een in Engels wat van dieselfde stam gevorm is, dog lank nie altoos nie. Daar is heelwat voorbeelde te noem van werkwoorde op *-eer* in Afrikaans waarteenoor in Engels nie een van dieselfde stam gestel kan word nie, werkwoorde soos: *ageer, doseer, floreer, frankeer, hanteer, kleincer, lakseer, loseer, makeer, meubileer, moveer, notuleer, presteer, probeer, rantsoeneer, skakeer, skrobbeer, trakteer, triomfeer, trotseer, waardeer*. Heelwat meer voorbeelde kan genoem word, maar genoemde aantal is heeltemal voldoende om tot nadenke te stem.

Nou sou iemand kan aanvoer dat wanneer Engels eenmaal van invloed geword het by hierdie tipe werkwoord, dit weinig saak maak of in Engels werklik een van dieselfde stam bestaan, omdat die invloed deur analogie oorgedra kan word op al die werkwoorde van dieselfde kategorie. Laat ons nou bly by die gevalle waar daar teenoor die Afr. werkwoord op *-eer* inderdaad 'n ekwivalent in Engels bestaan van dieselfde stam, soos in die meerderheid gevalle ook werklik aan te wys is, gevalle soos Afr. *assimileer, dikteer, distilleer, forseer, praktiseer* teenoor Eng. *assimilate, dictate, distil, force, practice*. Het ons hier werklik die reg om aan te neem dat die afwesigheid van *ge-* in Afrikaans veroorsaak is deur die feit dat die ooreenstemmende werkwoord in Engels ook geen voorvoegsel neem in die voltooidede deelwoord nie? Mag ons dus aanneem dat die Afrikaanse vorm „ek het hom daartoe *forseer*” beïnvloed is deur

Engels „I have forced him to it”? Ons het volstrek nie die reg daartoe nie. Die Afrikaanssprekende dink nie aan die Engelse werkwoord nie, ook nie in sy onderbewussyn nie.

31. Maar laat ons nou neem die geval van die Afrikaanssprekende wat werklik dink dat ons hierdie tipe werkwoord op -eer aan Engels ontleen het -- en daar's stellig heelwat wat dit dink --, wat dus by die gebruik van *forceer* bewus of onbewus dink, of meen te dink, aan Eng. *force*. dan nóg sou sodanige geestesproses hom nie daartoe bring om die *ge-* in Afrikaans weg te laat nie. Dit kan ons soos volg bewys.

Dié Afrikaners wat klakkeloos uit Engels oorneem werkwoorde soos *daps*, *fuse*, *sign* (eenlettergrep); *argue*, *profit* (tweelettergrep); *organise*, *penetrate* (meerlettergrep), ens., sal nooit daartoe kom om by die voltooide deelwoord die *ge-* weg te laat nie, m.a.w. te sê: ek het die appel *daps*: die draad het *fuse*; hy het die tjek *sign*, ens. Nee, dit kan vir hulle alleen wees: *gedaps*, *gefuse*, *gesign*, en dit ten spyte van die feit dat Engels die ooreenstemmende deelwoord sonder voorvoegsel vorm! Maar hierdie selfde Afrikaners sal heel goed die *ge-* kan weglaat by woorde soos *enjoy*, *enlist*, *propose*. bv.: ek het die aand *enjoy*; hy het gister *enlist*; wie het dit *propose*? Daarom kan nou vir hierdie Afrikaanssprekendes die *ge-* heel goed agterweë bly by die laaste, maar in geen geval by die eerste nie? Dit bring ons by 'n uiters belangrike faktor, nl. die posisie van die hoofklem.

32. By eersgenoemde tipe werkwoorde, bv. *argue*, *organise*, *penetrate*, val die hoofklem op die eerste lettergreep; by laasgenoemde daarenteë, bv. by *enjoy*, *enlist*, *propose*, is die aanvangslettergreep swakbeklemtoon: duidelikheidshalwe *kursiveer* ek die lettergreep met hoofklem. In die swakbeklemdheid van die aanvangslettergreep moet die rede gesoek word waarom die voorvoegsel *ge-* kan wegbly in die voltooide deelwoord van 'n vorm soos „het *enjoy*,” maar aanwesig moet wees by 'n vorm soos „het *geargue*.” Net so moet in die omstandigheid dat 'n werkwoord op -eer nooit die hoofklem op die aanvangslettergreep kry nie die rede gesien word waarom *ge-* in die voltooide deelwoord hier agterweë kan bly.

En die aantal lettergrepe oefen geen invloed uit nie, net die vraag of die hoofklem op die eerste lettergreep val of nie. Daarom alleen met *ge-*: hulle het hom *geëxecute*; hy het iets anders *gesubstitute*, teenoor: ek het hom, ten spyte van sy onhoflikheid, tog maar weer *interview*; hy het *accumulate* net waar hy kon.

33. Dis 'n bekende feit dat werkwoorde wat met 'n swakbeklemtoonde, onskeidbare voorvoegsel begin geen *ge-* kry in die voltooidde deelwoord nie, bv.: het *bespreek*, *beveel*, *vergeet*. Nou kry werkwoorde op *-eer* nooit die hoofklem op die aanvangslettergreep nie (dit val altoos op die uitgang *-eer*) en hierdie omstandigheid bring mee dat vir die onbewuste taalgevoel hierdie werkwoorde die indruk maak van te behoort tot die groep met 'n swakbeklemtoonde, onskeidbare voorvoegsel. Hierdie werking is iets onbewusts, maar ook by bewuste *gedagtegang* kan die oningewyde maklik daartoe kom om te dink dat die *ne-* van *negcer* of die *re-* van *regeer* 'n voorvoegsel is. En dat 'n werkwoord met 'n swakbeklemtoonde aanvangslettergreep die voltooidde deelwoord sonder *ge-* kan vorm, hoewel daardie eerste sillabe tog geen voorvoegsel is nie, dit sien ons duidelik by werkwoorde soos *baklei*, *baljaar*, *galop*, *kapok*, *karnuffel*, *krioel*, *vermeer* (naas *vomeer*), *verniss*. Baie beskaafsprekende Afrikaners sal, net soos ek, geen *ge-* gebruik in die voltooidde deelwoord van hierdie werkwoorde nie, veral by *baklei*, *baljaar*, *galop*, *vermeer* en *verniss*. So lees ons in *Mevrou Bovary*, soos vertaal deur F. P. van der Merwe, op bl. 226: die vulletjies het gehinnik . . . en het *galop*, *galop*." Dus twee maal vlak na mekaar die volt. deelwoord *galop*, sonder *ge*, hoewel die deelwoord *gehinnik*, dus een met *ge-*, onmiddellik voorafgaan. Inderdaad 'n duidelike bewys dat weglating van *ge-* by *galop* geen lapsus sal wees nie; nee, dis 'n duidelike bewys van die vastheid van die afwesigheid van *ge-* by die voltooidde deelwoord van hierdie tipe werkwoord. In die omstandigheid dat die aanvangslettergreep van werkwoorde op *-eer* swakbeklemtoon is, moet dan die rede gesoek word waarom die voltooidde deelwoord van hierdie tipe werkwoord sonder die voorvoegsel *ge-* gevorm kan word.

34. In Middelnederlands (d.w.s. globaalweg die Nederlands van die 13de, 14de en 15de eeue) kon die voltooide deelwoord van basterwerkwoorde, soos dit gewoonlik genoem word, d.w.s. werkwoorde wat deels ontleen en deels vernederlands is, mèt of sonder *ge-* gevorm word, bv.: *benedijt* (van *benediën* „seën”), *disponeert*, *fondeert* (van *disponeeren* en *fondeeren*); kyk Van Helten, *Mnl. Spraakkunst*, §§193, a-c en 219. Meer voorbeelde is te vind in die *Mnl. Woordeboek* onder *fonderen* en *frotseren*. Tot genoemde basterwerkwoorde behoort in Middelnederlands veral die werkwoorde op *-ecren* naas *-ieren*, wat in Nieu-Nederlands word *-eren* en in Afrikaans *-eer*.

Of die *ge-* by werkwoorde op *-eren* ook in later Nederlands kon wegbly, byvoorbeeld in die 17de eeu, die tyd van die afskeiding van die Afrikaanse taalloot, kan ek nie met voorbeelde bewys nie. Waar Van Helten in sy *Vondel's Taal: Etymologie*, §49, daarop wys dat heelwat voltooide deelwoorde in 17de-eeuse Nederlands sonder *ge-* voorkom (bv. by Bredero en ander komici), word werkwoorde op *-eren* ongelukkig nie spesifiek genoem nie. Maar dis bekend dat in die huidige Nederlandse volkstaal daar 'n groot gebied is waar die voltooide deelwoord sonder *ge-* gevorm word. Ruweg omvat hierdie gebied die noorde van Nederland tot 'n lyn, suidwaarts gesien, iets ten noorde van Amsterdam in die weste en die suide van die provinsie Drente in die ooste (vgl. *Leidse Taal-atlas*, nr. 70). Hoewel ek dit nie met voorbeelde kan bewys soos in die geval van Middelnederlands nie, lê dit voor die hand en neem ek aan dat ook in die Nederlandse volkstaal van na die middeleeue en die van die huidige tyd (bepaalde dialekte veral) die voltooide deelwoord van werkwoorde op *-eren* die voorvoegsel *ge-* kan ontbeer. Ek neem verder aan dat watter ander oorsake vir Nederlands daartoe kan bygedra het dat *ge-* hier agterweë kan bly, die swakbeklemdeheid van die aanvangslettergreep een van die redes sal gewees het. Ek herinner daaraan dat nog in Nieu-Hoogduits hierdie werkwoorde geen *ge-* kry in die voltooide deelwoord nie, bv. *absorbiert*, *disponiert*, *probiert*.

35. In belang van die oningewyde wys ek op die volgende. Ons, net soos die Hollander, sien in die voorvoegsel *ge-* veral

'n kenmerk van die voltooide deelwoord. In die oudste Germaans was dit egter volstrek nie die geval nie: vergelyk maar Goties, waar die volt. deelwoord nog sonder die ooreenstemmende voorvoegsel *ge-* gevorm word. In die oudste Germaans word die voorvoegsel *ge-* veelvuldig gebruik, maar met glad 'n ander funksie as vandag by ons. Daar het hy die betekenis van „same,” waarvan ons reste oorhet, soos in *gebroeders* („persone wat werklik broers is, of soos broers teenoor mekaar staan in die een of ander verband”) en *gebergte* („versameling van berge”). In hierdie betekenis kon die voorvoegsel gebruik word met verskillende woordsoorte, byvoorbeeld met die selfstandige of byvoeglike naamwoord, en nie net by die werkwoord nie; wat die werkwoord betref, kon hy aangewend word by verskillende dele daarvan, byvoorbeeld by die infinitief of by die verlede tyd. Langsamerhand word die voorvoegsel *ge-* egter veral gebruik om voltooiing van die handeling aan te dui en langs dié weg word hy gaandeweg die besondere kenmerk van die voltooide deelwoord, wat immers veral 'n voltooide werking uitdruk. In Wes-Germaans is *ge-* dan die karakteristieke kenmerk van die voltooide deelwoord, soos nog o.a. in Nederlands en Afrikaans. In Ou-Engels (Aangel-Saksies) was dit ook die geval, maar in later en in moderne Engels het hy op hierdie plek verdwyn. In Fries ontbreek die voorvoegsel ook by die voltooide deelwoord. Daarom word invloed van Fries aangeneem vir *ge-*lose voltooide deelwoorde in die hedendaagse Nederlandse volkstaal (kyk Schönfeld, *Historische Grammatica van het Nederlands* ¹, bl. 147-149).

36. Ek kan die volgende samevatting gee van ons ondersoek. In die omstandigheid dat die werkwoord op *-eer* nooit die hoofklem op die aanvangslettergreep kry nie moet die eerste en vernaamste rede gesien word waarom die *ge-* by die voltooide deelwoord van hierdie tipe werkwoord weggelaat kan word. Deurdat die eerste lettergreep van hierdie tipe werkwoord steeds swakbeklem is, maak hierdie werkwoorde die indruk van 'n werkwoord met 'n swakbeklemtoonde voorvoegsel, wat, soos bekend, sonder *ge-* bly in die voltooide deelwoord. (Volksvorme soos *geaanbid*, *geonthou*, ens., i.p.v. *aanbid* en

onthou, is die afwyking wat die reël bevestig.) Die oningewyde kan dan ook maklik daartoe kom om te meen dat die eerste lettergreep van werkwoorde soos *negeer*, *regeer*, *vermeer* (naas *vomeer*) en *vernies* inderdaad voorvoegsels is. En waar die klinker van die aanvangslettergreep by hierdie werkwoorde geen *e* is nie, word hy dikwels uitgespreek soos die swakbeklemtoonde *e* in *tafel*, bv. in *makeer*, *probeer* (uitgespreek *prebeer* of *perbeer*), *inspekteer*, *interesseer*, ens., wat verder kan meewerk om hierdie groep werkwoorde onbewus te laat aanvoel soos werkwoorde met 'n swakbeklemtoonde voorvoegsel. Vanweë die psigologiese rede in §5 genoem, word die neiging sterker om die *ge-* by die voltooide deelwoord weg te laat namate 'n werkwoord op *-eer* tot die alledaagse woordeskat gaan behoort. Die term „alledaagse woordeskat” moenie te eng opgevat word nie. In hierdie twee faktore moet die ver naamste redes gesien word vir die afwesigheid van *ge-* by die voltooide deelwoord van werkwoorde op *-eer*. Faktore soos dié deur ons bespreek in §24, is bykomstige faktore: hulle geld vir die een maar nie vir die ander nie, of hulle geld in die een geval maar nie in die ander nie.

Sonder die minste twyfel is weglating van *ge-* by die meer gebruikelike werkwoord op *-eer* ook by beskaafsprekende Afrikaners baie gewoon, sowel in die geskrewe as in die gesproke taal. Maar hy 'word, veral die laaste tyd, teëgewerk deur menige onderwyser en universiteitsdosent, as synde onder alle omstandighede inkorrekt. Die studie van Nederlands verskerp die neiging om *ge-* te behou. Dit bring mee dat op papier veral, maar ook by bewuste praat die *ge-*lose voltooide deelwoord by die werkwoord op *-eer* ook daar geweer word waar hy tot die lewende, beskaafde taal behoort. Dit is sterk af te keur.

Ferdinand Postma-Biblioteek



010196889x

